Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

# MONTIENUUS

17 April 2024
OB 12

Beste Ouers

Die tweede kwartaal van die jaar het goed afgeskop en ons sien uit na 'n kwartaal waar ons leerders verskeie geleenthede tot deelname gaan hê. Ons beste wense aan elke Montie-gesin vir die nuwe kwartaal. Me. Enslin se vader is oorlede en ons betuig ons simpatie aan haar en haar familie in die hartseer tydperk.

Ons eerste groot aktiwiteit was die Montie Gholfdag op 13 April. Die gholfdag was 'n baie groot sukses. Baie dankie aan Burger Conradie (koördineerder) wat die gholfdag georganiseer het. Dankie aan me. Wigmore wat ondersteun het met administrasie en finansiële reëlings. Dankie aan elke ouer wat gehelp het met kos, skenkings, borgskappe en ander hulp. Dankie aan die personeel vir hul hulp gedurende die dag.

Die volgende hoogtepunt is die jaarlikse Spar Montie Sportdag, wat plaasvind op 3 en 4 Mei. Ja, u het reg gelees! Vanjaar bied ons vir die eerste keer Hokkie aan op ons sportdag. Die hokkie vind plaas op Vrydag 3 Mei. Die rugby en netbal word gespeel op Saterdag 4 Mei. Hierdie reëling word getref in die kleiner skole, sodat leerders die geleentheid het om aan hokkie, sowel as netbal of rugby deel te neem. *Hou asb. die omsendbriewe dop, u gaan meer inligting kry oor die sportdag in aparte briewe.* Wilhelm Sadie, wat nou fondsinsameling koördineer, gaan binnekort met u kommunikeer en u nooi om betrokke te raak by die dag.

**Kontakbesonderhede:** Dit is noodsaaklik dat ons u korrekte kontakbesonderhede het, sodat ons u kan bereik indien nodig. U kind kan bv. seerkry of ons moet dringende inligting by u uitkry, soos die afgelope naweek gebeur het met die skoolsluiting van Maandag 8 April. Die d6 Connect *App* werk uitstekend.

d6 Connect

Ons skryf in gr. 4-7 elke jaar aan die einde van die tweede kwartaal gekontroleerde toetse, wat dien as ons halfjaar eksamen. Ek gee reeds nou die volgende inligting aan u deur, soos deur die WKOD na die skole versprei:

**Onderwerp: Skoolbywoning deur graad 4- tot 12-leerders tydens en na afloop van die skoolgebaseerde interne eksamen- en assesseringstydperke in Junie en November 2024**

2.2 Skoolbywoning is tydens die skoolgebaseerde eksamen en assesseringstydperk verpligtend vir alle leerders, met die uitsondering van graad 12-leerders wat op vyf studieverlofdae voor die aanvang van 2024 se Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen geregtig is.

Wintersdrag word vanaf 2 Mei gedra. Die personeel het reeds die gedragskode en kleredragreëls rondom wintersdrag met die leerders bespreek. Leerders mag wel nou al wintersdrag dra op koue dae. Lees asb. die reëls vir wintersdrag in die huiswerkboekies deur. Dit word ook omvattend beskryf in die gedragskode, beskikbaar op die skool se webwerf. (Indien u die gedragskode in harde kopie benodig, skryf asb. 'n briefie in u kind se huiswerkboekie, sodat 'n kopie aan u gestuur kan word.) Leerders mag nie sweetpakbroeke of enige sportdrag, met enige "branding / logo's" daarop dra nie. Ons merk op dat 'n tendens ontstaan het dat leerders klere met "branding / logo's" op dra, wat teenstrydig met die gedragskode is.

Voorspoed vir die komende week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op sparmontagu
023 614 3080

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| Donderdag, 18 Apr | Rugby en netbal: Laerskool Robertson (weg) |
| Vrydag, 19 Apr | Entrepreneurs: Gr. 5S<br>GF boeke huis toe |
| Dinsdag, 23 Apr | Wêreld Boekedag |
| Donderdag, 25 Apr | Rugby en netbal: De Villiers (tuis) |
| Vrydag, 26 Apr | Entrepreneurs: Ope |
| Saterdag, 27 Apr | VRYHEIDSDAG<br>Wynland Netbalproewe Worcester |

**PERSONEEL VERJAARSDAE**

Lisbeth Filander:
20 April

## Vrydag, die 26ste April vier ons Wêreldboekedag!

Trek aan soos jou gunsteling boekkarakter. Alhoewel klassieke kinderboekkarakters uit stories soos "Alice in Wonderland", "Gouelokkies en die drie bere" of "Rooikappie" na aan ons harte lê, is ons spesifiek op soek na nuwer karakters. Daar is pryse vir die mees unieke uitrustings op die spel!

## M O N T I E  G H O L F D A G

Baie dankie vir goeie ondersteuning van ons lootjievorms. Ons het meer as R57 000 vir die skool se gholfdag ingesamel! Dankie ook aan Sanbona Wildlife Reserve, Olive Stone Farm Cottages, Gaikou Lodge en Rickety Bridge Estate vir die borg van die pryse. Baie geluk aan die volgende wenners:

**Leerder kompetisie**: Liney Klein

**Lootjie:** 1ste – Mnr. Johan Meyer, 2de – Me. Francelle Bussell, 3de – Tamryn Visser

Ons herinner leerders dat alle uitstaande lootjievorms en geld voor Vrydag, 19 April by die kantoor ingehandig moet word.

## Wedstryde vs Laerskool Robertson (weg)
## Donderdag, 18 April 2024

Rugby:

o. 7A+B, o. 8 A+B, o. 9 A+B, o. 11 A+B, o. 13 A+B

Netbal:

o. 7 A+B, o. 8 A+B+C, o. 9 A+B, o. 10 A+B, o. 11 A+B+C, o. 12 A+B, o. 13 A+B

**Geen sportoefeninge nie!!**

# SA ATLETIEKKAMPIOENSKAPPE

Die twee atlete wat deelgeneem het aan die SA kampioenskappe in Polokwane, het uitstekend presteer. Die uitslae was as volg:

| Atleet | Item | Plek behaal | Medalje | Uitslag |
|---|---|---|---|---|
| Jenö Jacobs (S-13) | 100m | 1ste | **GOUD** | 11,46 |
| Jenö Jacobs (S-13) | 200m | 1ste | **GOUD** | 22,87 |
| Jenö Jacobs (S-13) | 200m Hekkies | 1ste | **GOUD** | 26,22 **(NUWE SA REKORD)** |
| Jenö Jacobs (S-13) | Aflos | Wes-Kaap 1ste | **GOUD** | |
| Jarell Johnson (S-11) | HS | 5de | | 1,44 |

Die Wes-Kaap wen ook die algehele beker (provinsies).
Die Monties is **verskriklik** trots op die atlete. Baie geluk.
"Hard work always pays off."

# NETBALPROEWE

Die volgende spelers het op 4 April deelgeneem aan die Langeberg Netbalproewe.
o. 11: Luka Sadie, Adia Philander, Katy Wolmarans
o. 12: Alaina Meyer, Shenay Makok, Ruvé Williams, Hereetha de Koker, Cari Conradie
o. 13: Ivanah Pekeur, Mahlodi Ramabulana, Ilke van Deventer, Kachen Kiewiets, Mariké-Mari McAlpine.

Baie geluk aan Katy Wolmarans, Cari Conradie, Ivanah Pekeur en Mahlodi Ramabulana wat opgeneem is in die Langeberg span vir hul onderskeie ouderdomsgroepe. Hierdie dogters het 11 April deelgeneem aan die Wynland-Noord netbalproewe op Worcester.

Cari Conradi is tydens hierdie proewe opgeneem in die o. 12 Wynland-Noord netbalspan en gaan op 27 April deelneem aan die Wynland netbalproewe. Baie geluk Cari. Ons weet dit sal baie goed gaan.

Baie dankie aan ons Montagu keurders by die Langebergproewe, me F Bussell, me C Sadie en me E Thiart. Groot dankie ook aan elke personeellid wat gehelp het om van die proewe 'n sukses te maak.

# Rugby: o. 13 Montagu Dorpspan

Die volgende spelers is gekies vir die Montagu Dorpspan om aan die Langebergproewe te gaan deelneem.
Miller Jacobson, Lincoln Joseph, Jenö Jacobs, Jaydon Stalmeester, Henco van der Walt, Christiaan van Eeden en Shawnley Brown.

Jenö Jacobs is ook gekies vir die Langeberg o.13-rugbyspan.
Baie geluk!

# SA Tweekamp Kampioenskappe

Mieke Joubert het aan die SA Tweekamp Kampioenskappe (29 tot 30 Maart 2024) in Bloemfontein deelgeneem. Mieke Joubert het die o. 15 Boland dogters verteenwoordig en baie goed presteer.

| Graad 4 |
|---|
| Neve Alston |
| Viljoen Conradie |
| Roux Datson |
| Lianké de Beer |
| Kylie de Koker |
| Anzél Joubert |
| Jaymar King |
| Jaden Landsman |
| Lemark Liebenberg |
| Winique Mouries |
| Hay-Lee Plaatjies |
| Kennedy Plaatjies |
| Noah Poelman |
| Isabella Prinsloo |
| Zak Rautenbach |
| Baron Rudolph |
| Aliai Stopforth |
| Catherine Stout |
| Monya van der Merwe |
| Liné van Eeden |
| Briac Vellem |

| Graad 5 |
|---|
| André Bosman |
| Suna Bussell |
| Josua du Toit |
| Kaylah Hughes |
| Anno Jansen |
| Herman Joubert |
| Luka Sadie |
| Kobun Stemmet |
| Liam van der Merwe |
| Henlo van der Walt |
| Karlien van Niekerk |
| Tamryn Visser |
| Mia Vorster |

| Graad 6 |
|---|
| Olivia Alston |
| Avenathi Bhozo |
| Petronella Burger |
| Cari Conradie |
| Liané de Beer |
| Kelsey Jonker |
| Wian Joubert |
| Alaina Meyer |
| Ross Moses |
| Martin Nel |
| Jeannesse van der Merwe |
| CJ van Deventer |
| Jacques Visagie |
| Ruvé Williams |

| Graad 7 |
|---|
| Emma Hahndiek |
| Jenö Jacobs |
| Luan Koekemoer |
| Mariké-Mari McAlpine |
| Carolina Smit |
| Ilke van Deventer |
| Ruben van Niekerk |
| Annabelle van Zyl |

**AKADEMIESE TOEKENNING: KWARTAAL 1 - 2024**

Welgedaan en geluk aan die leerders

wat puik presteer het.

---



DAAR IS 'N SPLINTERNUWE LEESPROGRAM
VIR GRAAD R – 7 LEERDERS IN MONTAGU!

# BOEKWURMKLUB

**HOE WERK DIT : 10 x weeklikse groep sessies van 30 minute elk.**
**WAAR : 45 Lang Straat, Brandy Hall, Montagu.**
**KOSTE : Slegs R1000 per kwartaal.**

**boekwurmklub@gmail.com**

Annie 0798773929 Danielle 0792856228

**INSTAGRAM : #boekwurmklub**

**INSKRYWINGS VIR KWARTAAL 2 IS NOU OOP!**